'n Baken van Hoop in 'n Donker Wêreld

DENNEBOL

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Pinetown

08/11/2009 ~ Jg. 20 no. 41

www.gksa.org.za/pinetown ~ Posbus 10442, Ashwood, 3605
Ds. Hennie van Wyk ~ 031 7028446/0845512107 ~
E-pos: hennie@gksa.co.za ~ *Dienste: Sondae 09:00 en 18:00* ~

EENHEID IN DIE HUWELIK : **SESDE AFLEWERING**

In voortsetting van hierdie reeks kyk ons hierdie keer na die rol van kinderopvoeding in die huwelik.

1. Eenheid in die huwelik deur 'n gemeenskaplike filosofie van kinderopvoeding.

Dit is 'n wonderlike voorreg om kinders in die huwelik te hê wat 'n wonderlike ervaring en samebindingsfaktor kan wees. Groot onenigheid kan egter ook ontstaan as ouers nie dieselfde opvattings oor kinderopvoeding het nie veral ten opsigte van straf wat lyfstraf insluit. Die volgende aspekte in breë trekke is van groot belang:

1.1. Volgens Ef.6:4 moet vaders nie hulle kinders so behandel dat hulle opstandig word nie, maar hulle groot maak met tug en vermaning soos die Here dit wil. Let op dat hierdie opdrag aan vaders is en nie moeders nie gegee word. Die moeder is egter die vader se regterhand en moet aktief by hierdie opvoedingstaak betrokke wees. As dit reg gedoen word bevorder dit eenheid in die huwelik as 'n span wat saamwerk.

1.2. Volgens Eksodus 20:12 moet kinders hulle vaders en moeders eer en daarom moet die moeder dieselfde eer as die vader ontvang as deel van die eenheid.

1.3. In Spreuke 1:8 word die moeder direk by die opvoeding betrek deurdat kinders moet luister na die tug van hulle vader en moet bly by die onderwysing van hulle moeder.

1.4. Die moeder is as 'n reël meer teenwoordig waar die kinders opstaan, skool toe gaan, speel, seerkry, huil, lag, slaap en baklei. Baie moeders en grootmoeders speel 'n vername rol in die Bybel. Timoteus se moeder Eunise en sy ouma Lois se wonderlike opvoeding is maar een belangrike voorbeeld te midde van vele ander voorbeelde.

1.5. Alhoewel die man die spanleier is het God die vrou vir hom gegee as sy belangrikste raadgewer en uitvoerder van baie pligte. Hy moet haar inisiatief en kreatiwiteit aanmoedig en haar wenke en raad verwelkom. Hy moet verantwoordelikhede en gesag aan haar delegeer en haar toelaat om dit op haar manier uit te voer. Hy moet haar ook by die kinders voorhou as iemand wat geëer, gerespekteer en gehoorsaam moet word.

[Na bls. 4]

[Van bls. 1]

1.6. Volgens Spr. 22:15 sit die sotheid vas in die hart van die seun en in Spr. 29:15 steek 'n seun wat aan homself oorgelaat word sy moeder in die skande. Dit is dus duidelik dat kinders nie hulleself kan opvoed nie. Ef. 6:4 beveel dus die ouers om die opvoedingstaak te behartig. Daar is ook geen tydslimiet gestel aan hierdie bevel nie en dit bly dus geldig totdat kinders uit die huis is en selfstandig kan voortgaan. Ouerlike advies en leiding op aanvraag bly nog belangrik daarna.

Volgende keer gaan ons voort met hierdie onderwerp. Van 'n medegelowige.

DIE BITTER EN DIE SOET

Die lewe is 'n mengsel van reën en sonskyn, vreugde en trane,
plesier en pyn - ebgetye en vloedgetye, berge en dale, neerlae,
oorwinnings en verliese en opbrengs -
Maar altyd en oral sal God ons wel lei, want Hy alleen weet
Wat ons elkeen moet kry -
As Hy vir ons smart stuur of 'n beproewing of twee,
Wees verseker Hy gee dit omdat Hy waarlik omgee -
As ons dit aanvaar en steeds in Hom glo,
Sal Hy ons oorvloedige seën stuur van bo.

DIE TOEKOMS

Ons weet nie wat die toekoms dalk vir elk van ons kan bring,
Laat ons dus lewe met oorgawe - elke dag 'n loflied sing.
Help ons ook berus in die swaarkry wat die lewe bied,
En niks van more vra, behalwe: "Laat u wil geskied."

[Helen Steiner Rice]

Dr. Hennie, Betsie en Rialette, vandag moet ons groet. Dankie vir die vriendskap, al die liefde, al die vreugdes wat ons kon deel. Julle is vir ons baie spesiaal, en die gat wat julle in ons harte gaan laat is verskriklik groot! Mag dit met julle net voorspoedig gaan, en mag ons Vader in die hemel julle elke dag veilig in Sy hande dra.

Redaktrise: Susan Minny. Tel: 031 767 4187. E-pos: minnym@sacargologistics.co.za
Alle berigte moet deurgegee word VóóR Donderdag 20:00 ASB.

OGGENDDIENS

Votum: *Sb. 35:3* & Groetseën
Sing: Ps. 146:1 & 3
Geloofsbelydenis
Verootmoediging: *Ps. 38:1*
Wet : Eksodus 20
Versoening
Sing: Ps. 38:17
Gebed
Skriflesing: 2 Tessalonisense 2:13-17
Sing: Ps. 119:39 & 40
Prediking: 2 Tessalonisense 2:13 - 17
'Leef as Christus se uitverkorenes!'
Sing: Ps. 119:48
Liefdesdiens & Lief en Leed
Gebed: *Sing: Onse Vader*
Slotseën

AANDDIENS

Votum & Groetseën
Sing: Ps. 103:1
Wet: Miga 6:6 - 8

Sing: Ps. 103:6 & 9
Lees: Jesaja 64:5b - 9
Gebed
Skriflesing: Matteus 25:14 - 30;
(Kategismus Sondag 24)
Prediking: 'Die evangelie is nie net iets om te hê nie'
Gebed
Liefdesdiens
Sing: Ps. 40:3 & 4
Slotseënseën

WAT VIND HIERDIE WEEK PLAAS ?

Vergaderings: Woensdag 11/11 Breë Kerkraad om 19:00
Saterdag 14/11 Susters afsluitingsfunksie
Teeskink: Vandag: Ashley: Annemarie V, Annelise, Hantie, Loffie, Elsie E, Tina, Hermie
Volg. week: Fields Hill: Marie J, Cecilia, Rina, Anne, Susan M

LIEF EN LEED:

- Riana Steyn moes onverwags verlede week 'n nood blindedermoperasie ondergaan. Alles het goed verloop en sy is al weer terug by die skool waarvoor ons baie dankbaar is.
- Roxy Hefer en Susan Minny stoei met ergere griep. Ons bid haar spoedige beterskap toe.
- 'n Oom van Albert Venter is oorlede. Ons bid hulle die troos van die Here toe

VERJAARDAG

BAIE GELUK!

12 Nov. Koos Kruger 031 205 2076

Brandstofprojek
Gooi brandstof in by die BP Garage in Richmondweg vra 'n kontantstrokie en bring dit Kerk toe. Ons ontvang 20c vir elke liter wat u ingooi!
Navrae: Hennie de Klerk

Koster vakant: Ons huidige koster - Hennie de Klerk - het gevra om van hierdie pligte onthef te word. Indien u belang stel om hierdie pligte oor te neem, kontak asseblief vir Albert Venter. Daar is wel 'n vergoeding betrokke en alle pligte sal aan u verduidelik word.
Dankie - Eiendomeskommissie

BEROEPENUS

ONTVANG : Ds RA Bain van Cachet na Naboomspruit.
Ds HPM van Rhyn van Thabazimbi na Pretoria-Noord.
AANVAAR: Dr GCP Labuscagne van Bloempark na Vleuels [Bloemfontein].
BEDANK: Ds RA Bain van Cachet na Naboomspruit.
Ds JA Berg van Vaalwater na Phalaborwa.

Katkisasie — Sondag 51

126 *Vraag*: Wat is die * *?
Antwoord: *Vergeef ons ons *, soos ons ook ons skuldenaars* *. Dit is: * ons, * sondaars, al ons * asook die boosheid wat ons nog *, ter wille van die * van Christus, nie toe nie (a). Ons bid dit van U omdat ons hierdie * van u * in ons vind: dat ons die * voorneme het om ons * van * te vergewe (b).
(a) Ps 51:3; 143:2; 1 Joh 2:1; Rom 8:1. (b) Matt 6:14

V	V	D	M	A	A	G	G	I	L
E	I	A	G	R	B	R	O	N	V
R	E	L	M	O	R	A	A	D	E
T	R	L	D	V	K	L	S	V	R
R	D	E	E	I	E	L	E	A	S
O	E	E	O	E	R	E	W	N	O
U	D	N	G	W	T	S	A	D	R
E	T	A	A	B	F	L	G	A	G
D	O	O	R	B	A	A	I	G	I
A	F	A	R	B	E	I	D	V	V

LEES DIE BYBELSAMEVATTING IN VYF URE: BEKENDSTELLING

Hoe dikwels vergeet ons wat ons gelees het? Hoe graag wil ons nie elkeen die Bybelse geskiedenis onthou nie! Die aanname word gemaak dat ons slegs 30 persent van ons brein gebruik. Die vergeetfaktor is deel van hierdie proses en daar is maar min persone oud en jonk wat meer as 30 persent onthou van wat hulle op 'n gegewe tydstip gehoor of gelees het. Dit het my genoop om 'n boek in die vorm van 'n handleiding tot die lewe te bring wat binne 5 ure se leeswerk al die hoofelemente, prominente figure en tydvakke van die Woord van God (Ou en Nuwe Testament) in so 'n mate saam vat om dit vir enige persoon moontlik te maak om al die boeke van die Bybel makliker te kan verstaan, beter te kan onthou en dit wat ons dalk wil opslaan makliker te vind. Diegene wat belangstel om hierdie boek van my te bekom of om meer inligting te verkry wat 'n volledige bekenstellingsbrief met meer inligting asook aanbevelingsbriewe van Dr Hennie van Wyk en Dr Marius Nel insluit kan my persoonlik kontak of by 0827742459 of 031-7013950 na ure of by hdklerk@vodamail.co.za per epos. Afdrukke met meer inligting en die aanbevelingsbriewe is ook verkrygbaar in die rakkie net agter die dennebolrakkie by die ingange van die kerk.
HENNIE DE KLERK OKTOBER 2009